Pierneef Gemeente Die Boodskapper

23 Junie, 2024

Kantoorure: Ma, Wo, Vr. 8:00-16:00 **Sel:** 072 137 4407
Epos: kantoor@ngkpierneef.co.za **Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA,
Tjekrekening: 281590621,**Takkode:** 01-4845
Leraar: Ds Paullet Grobler (076 841 1568 **Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
Jeugwerker: Sandra Berger (061 930 6540)

9:00 Erediens

Prediker: Ds Paullet Grobler
Teks: 1 Konings 19:1-15

Teebeurt: Gemeente

Geen Kinderkerk, Kategese en Belydenis

Belangrike datums:

24,26,28 Junie (10:00): Storie-uitreik
1,3,5,8 Julie (10:00): Storie-uitreik
9 Julie (8:30): Stap by die Botaniese tuine
10 Julie: Bybelstudie en Bybelskool hervat Woensdae
12 & 26 Julie (14:15): Kinderkrans
13 Julie (8:00): Kerkraadkoffie
14 Julie: Kinderkerk, Kategese en Belydenisklas hervat
18 Julie (18:30): Kleingroep
20 Julie: Diensbaarheidsaterdag
26 Julie: Wegneemetes

Ds Paullet is met verlof: 24-28 Junie

Verjaarsdae

23/06	Mnr	Johan	du Plessis
23/06	Me	Sune	Loubser
25/06	Mnr	Fanus	Pienaar
25/06	Mnr	Johan	Entres
25/06	Mnr	Angelo	Oosthuizen
27/06	Mnr	James	Smuts
27/06	Me	Meghan	Welthagen
28/06	Me	Giona	Oosthuyzen

Lief en Leed

Ons dra die volgende vriende aan die Here op:

- **Mense wat besig is met behandeling of wag op behandeling:** Christo Kok en Amanda Brand asook Annelie Gresse se moeder.
- **Projekte/Uitreike:** Bid asb vir ons Storie-uitreik hierdie vakansie.

Gemeente Whatsapp-groep

Indien jy deel wil wees van die Gemeente Whatsapp-groep, stuur asb 'n boodskap aan ons 076 841 1568.

RSG-uitsendings

Luister gerus 17-22 Junie om 19:15 na RSG se "Aandgedagtes" asook 24-29 Junie om 5:55 se "Vroegoggend gedagtes". Die kort Bybelstudies word gelei deur ds Paullet vir die twee weke. Dit is ook na die tyd beskikbaar op RSG se webwerf onder "Potgooi" indien jy dit later wil gaan luister!

Storie-Uitreik

Ons nooi al die Laerskoolkinders om hierdie vakansie deel te neem aan ons Storie uitreik. Dit gebeur elke Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 21 Junie (10:00-12:00).

Ons gaan na interessante stories luister en dan ook self lees en kreatief wees. So as jy verveeld is hierdie vakansie, kom maak ‘n draai!

Ons is opsoek na storievertellers wat een of twee dae verantwoordelik wil wees vir die storie-vertel en ‘n aktiwiteit.

Ons soek ook hoërskoolleerders of studente wat meer gereeld betrokke is. Dit sal so lekker wees om julle daar te hê!

Indien jy graag wil help met die aanbieding, kontak gerus vir Thea (073 239 1332).

Sop vir die Winter projek!

Daar is ‘n lys in die voorportaal waar jy jou naam kan opsit as jy gewillig is om sop te kook. Ons oogmerk is om tenminste 5 liter ‘n week te kry om te vries in liter houers. As jy net 1 liter kan skenk is dit welkom.

Ons wil hierdie sop hou om uit te deel wanneer iemand kom kos vra gedurende die winter of as ons genoeg het, vir Dorkas te gee.

Sop gaan ‘n ver ent en is voedsaam.

Ons wil nog steeds ook l kg margarien houers bymekaar maak vir vries doeleindes. Indien jy kan help met houers/sop is jy welkom om ds Paullet te kontak (asook jou naam op die lys te sit).

Baie dankie vir almal se bydraes sovêr! Daar is baie mense wat daarby baat in hierdie koue!
Die vorm sal weer by die deur beskikbaar wees indien jy jou naam wil byvoeg!

In Koninkrykstyd vier ons die heerskappy van Jesus as die Here, wat regeer op aarde. Ons dink ook daaraan dat Jesus sy dissipels uitgestuur het na die wêreld om sy Koninkryk uit te leef. Daarom is die boot ‘n belangrike simbool, omdat dit dui op Jesus wat sy dissipels (die kerk) die wêreld in stuur.

Nuwe lidmate

Ons nooi nuwe lidmate om asb na die erediens tot voor die kansel te kom waar ons u graag wil ontmoet. In die voorportaal is ook vorms beskikbaar wat u kan voltooi sodat ons u vinnig kan leer ken.
Lidmate wat 'n besoek verlang kan gerus die kerkkantoor kontak of kom inloer om 'n afspraak te maak.

Dorkas se Kombuis

DANKIE DANKIE vir:

- Daar word steeds gehekel aan kombersies en booties. Die skenkings word met groot dankbaarheid ontvang.
- Die FNB Volunteers vra dat ek ons gemeente bedank vir al die skenkings. Hulle sorg dat dit op die regte plekke uitkom.
- Die sopprojek is 'n groot sukses. Ons kon Dinsdag sop aflaai by Villieria gemeente waar die CMR daagliks ongeveer 20 persone van broodjies voorsien.
- Ek het verlede week nagelaat om te noem van die suurlemoene wat geskenk is en wat ook in RHS se laaste pakkies van die kwartaal gepak is.

ONS VRA ASB:
Peanut butter. RHS het self reeds 'n paar houers bymekaar kon maak met hulle food donation drive in Mei maand. Daar kort egter nog 'n paar.

KINDNESS is the simplest way to tell another struggling soul that there is love to be found in this world.

Spread kindness like confetti 😊

Blessings!

Bankbesonderhede: M Janeke: Capitec Spaar rekening nr. 1651207

Ons verkoop

Vars voorraad: Hoender (Heel hoenders, opgesnyde hoender en "Starpacks")
Botter : Ons wag vir voorraad
Farina Hondekos – R100 vir 8kg sak, R275 vir 25kg sak